



## CHIEF MARKER'S REPORT

**SUBJECT:**

**AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE P2**

### 1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

#### QUESTION 1

OPSTELVRAAG ( 250-300 WOORDE) **Kringe in 'n Bos**

Kandidate moes die verhaalgebeure op so 'n manier interpreteer sodat hy/sy 'n verklaarbare karakterskets kon teken . Sekere karaktereienskappe wat die gemeenskap aan die hoofkarakter toegeken het , moes op 'n kritiese wyse analiseer word.

Die memorandum het vir soveel moontlike feite voorsiening gemaak . Die kandidate hoef nie al die feite voorsien het nie . Die feite waarvoor hulle egter krediet gekry het , moes relevant wees tot die riglyne soos voorsien in die geleiers .

Enkele kandidate het hierdie vraag beantwoord. Diegene wat wel die vraag beantwoord het, het egter net 'n storie oor die hoofkarakter vertel sonder om op die spesifieke eienskappe wat sekere aspekte van die karakter belig, uit te hef.

Hierdie roman, Kringe in 'n Bos, was in die verlede vir die huistaal voorgeskryf en vereis 'n redelike hoë vlak van taalbedreweheid om die boek intensief te kan ontleed. Ek glo dat die gebrek aan taalvermoë by die addisionele taal kandidaat die grootste bydraende faktor tot die swak uitslae in hierdie vraag is.

#### QUESTION 2

Kontekstuele vraag: **Kringe in 'n Bos**

Verhaalgebeure moes op 'n kritiese manier benader word sodat karakters met mekaar vergelyk kon word , die agtergrond van die verhaalgebeure geskets word en gebeure chronologies gerangskik kon word . Soos vir vraag 1, moes kandidate oor 'n hoë vlak van taalbedreweheid beskik het om hierdie roman te verstaan. In 2.4 en 2.14 moes die kandidaat 'n WAAR / ONWAAR vraag beantwoord en ook 'n gepaste motivering voorsien .

2.4.2 was egter misleidend en dus onregverdig . Die kandidate moes die ironie binne `n bepaalde konteks verduidelik . In hierdie antwoord is twee feite vereis . Baie min kandidate kon die verwagting sowel as die realiteit duidelik uitdruk en het gevolglik slegs een van die twee punte verdien . Vraag 2.20 is `n oop vraag en kandidate het nou `n geleentheid gekry om hulle eie opinie te lig . Kandidate moes spesifiek verduidelik wat hulle opinie is omtrent die verhouding tussen ouers en kinders .

Vraag 2.17: Kandidate het gesukkel om die konsep “ironie” binne `n gegewe konteks te verduidelik.

Vrae 2.18 en 2.19: Hier het kandidate kleigetrapped om die figuurlike betekenis te verduidelik.

Dit is belangrik dat alle literêre aspekte in die klas behandel word.

### **QUESTION 3**

Opstelvraag: **Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom**

Kandidate moes hulle idees logies en volgens `n bepaalde struktuur orden . Soos in vraag 1, moes kandidate op spesifieke aspekte uitbrei. Weer eens het baie kandidate slegs die storie oortel. Die rubriek maak voorsiening vir Inhoud (25 punte ) en Struktuur en Taal (10) . Kandidate moes nie die vereiste 300 woorde oorskry nie . In `n geval waar die kandidaat wel die vereiste lengte met meer as 50 woorde oorskry , penaliseer hy homself omdat die res nie nagesien word nie .

Kandidate het gefaal om hul inleiding en slot in verband met die vraag te bring .

### **QUESTION 4**

Kontekstuele vrae: **Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom**

Daar was `n verskeidenheid van laer en hoër orde vrae wat verskillende aspekte binne die verhaaldeure aangeraak het. Die kandidate moes nie net die inhoud van die verhaal verstaan het nie , maar ook die vermoë gehad het om `n kritiese analise van die verhaaldeure te maak . Vraag 4.1 vereis dat die kandidaat `n karakter in die verhaal met `n tipiese karakter uit sy leefwêreld moet vergelyk . Indien die kandidaat `n spelfout begaan het wat die betekenis van die sin of woord verander , word hy gepenaliseer . Spelling en die gepaste woordeskat is dus uiters belangrik .

Vraag 4.20 bied die kandidaat ook die geleentheid om sy eie opinie te lig deur die lewensles te belig wat hy na aanleiding van die verhaal geleer het.

Dit het duidelik geblyk dat kandidate `n baie swak houvas op die boek gehad het.

## QUESTION 5

### Opstelvraag: **Meeulanders**

Enkele kandidate het hierdie vraag beantwoord. Daar was 'n duidelike gebrek aan begrip van die roman. Die fokus van hierdie vraag was die rol van een karakter in die hartseer van ander karakters. Kandidate het gesukkel om spesifieke handeling en eienskappe van hierdie karakter te belig ten einde die effek daarvan op ander karakters aan te toon. Die kandidate kon alle feite oorsigtelik dek of enkele intensief. Die memorandum is dus nie rigied nie en kandidate word die ruimte gebied om 'n redelike sterk punt te verdien. 'n Sinvolle inleiding en slot sowel as inhoud wat direk van toepassing is op die geleiers, is egter 'n vereiste.

## QUESTION 6

### Kontekstuele vrae: **Meeulanders**

Soos in vraag 5 was daar 'n duidelike gebrek aan begrip van die roman. Kandidate moet die vermoë aangeleer word om vrae krities te analiseer. Antwoorde waar twee punte toegeken word, vereis insig en meer as bloot 'n direkte antwoord.

By vraag 6.6 is die kandidate se kritiese denke getoets en hulle moes hul antwoord motiveer. Hier kon die kandidaat 2 punte verdien. Kandidate het hiermee gesukkel en het verkeerdelik uit die aangehaalde stuk dele oorgeskrif.

6.11 het vereis dat kandidate 'n reeks gebeure in chronologiese volgorde rangskik. Kandidate het hier redelik goed gevaar wat aandui dat hul oorsigtelike kennis van die roman, aldus die storie, goed was.

## QUESTION 7

### Opstelvraag: **Poppie – die drama.**

Dit was van kandidate vereis om die karakter se lewensreis te analiseer deur te fokus op sekere krisismomente in haar lewe. Alhoewel kandidate oorsigtelik oor die drama kon skryf, kon hulle nie op hul feite uitbrei nie. Dit het 'n negatiewe impak op die gehalte van hul opstelle gehad.

Die memorandum sluit 'n rubriek in waarvolgens die opstelvraag nagesien moet word. Kandidate moes grondige argumente voer en begrip van die voorgeskrewe werk het. Struktuur, logiese vloei, goeie taalgebruik, toon en styl het in die kandidaat se guns getel.

## QUESTION 8

Kontekstuele vrae: **Poppie – die drama.**

Kandidate moes hier oor kennis beskik oor die agtergrond van die verhaaldeure (tyd en plek) . Hulle kennis oor die Soweto onluste van 1976 sowel as die invloed van geweld op die familie is hier onder die kolling .

Vraag 8.4.1 het die leerder se kennis van die figuurlike betekenis van die woord “rus” in die verhaal getoets .Kandidate het duidelik getoon dat slegs enkeles oor hierdie kennis beskik het.

Volgens vraag 8.6 moes sekere grepe uit die verhaal in chronologiese volgorde gerangskik word . Kandidate moes werklik die verhaaldeure krities benader.

Die WAAR / ONWAAR vrae by 8.10 en 8.12 moes ook `n gepaste motivering gehad het sodat die kandidaat albei punte kon verdien .

Vraag 8.7 was die geleentheid vir kandidate om 4 punte te verdien deur bloot die woordeskat binne die konteks van die verhaal te gebruik .

## QUESTION 9

Opstelvraag: **Paljas**

Gemiddelde punt:

Die verhoudinge in die gesin word as sentrale tema binne die vraag belig . Hierdie vraag het `n hoë vlak van denke vereis. Hulle moes nie net na die verhoudings van gesinslede verwys nie, maar hoe een spesifieke karakter se teenwoordigheid hierdie verhoudings verbeter het. Daar was duidelike geleiers om aan te dui wat verwag was. Kandidate word nie gebind tot `n vasgestelde aantal feite nie . Hulle moet slegs binne die raamwerk van die voorgeskrewe onderafdelings beweeg . Kandidate kan veral baat vind by effektiewe metodes om die opstelvraag te beplan. Hulle moet geleer word dat `n literêre opstel `n sinvolle inleiding , logiese inhoud en `n betekenisvolle slot moet hê .

## QUESTION 10

Kontekstuele vrae: **Paljas**

Kandidate het redelik goed in hierdie vraag gevaar. Die voordeel wat hierdie kandidate gehad het, was dat hulle heel waarskynlik die rolprent oor die drama gesien het. Kandidate moet egter daarop uitgewys word dat `n rolprent nie noodwendig `n ware weergawe van `n boek is nie. Kandidate het byvoorbeeld by vraag 10.7 sekere “toorkunsies” ingebring wat in die rolprent voorkom, maar nie in die drama nie.

Die meerkeuse vraag 10.1 het die kandidate se kennis van die verskillende fases binne die drama getoets . Kandidate het effens gesukkel. Fases van die drama móet in die behandeling van enige drama ingeskerp word.

Vraag 10.15 het `n spesifieke fase binne die drama , nl. die klimaks onder die aandag gebring . Kandidate moet dus nie net bekend wees met die inhoud van die verhaaldeure nie , maar moet ook met die tegniese aspekte van die drama vertrou wees.

Vraag 10.5 en 10.8 het vereis dat kandidate sekere gedeeltes uit die teks op `n figuurlike wyse moes interpreteer . Die kandidate kan dus nie net vertrou wees met bloot die verhaaldeure nie , maar ook die tegniese aspekte van die drama .

### **QUESTION 11**

Opstelvraag: **Die werksmanne van Slovo**

Die ronde karakter, Jeremiah Vimbi, moes hier as gemeenskapsleier beskryf word deur gebruik te maak van die riglyne (geleiers) wat voorsien word op die vraestel. Sommige kandidate het egter Jeremiah met Oupa verwar – twee heeltemal verskillende karakters.

Geleiers word gebruik om die kandidate `n raamwerk te gee waarin hulle kan beweeg wanneer die inhoud van 250 – 300 woorde beplan word . Leerkragte **moet** kandidate tegnieke aanleer om `n opstel effektief te beplan . Die geleiers maak dit baie maklik vir die kandidaat om nie af te wyk van wat verwag word.

### **QUESTION 12**

Kontekstuele vrae: **Ek is jammer**

Hierdie was die vraag wat deur die meeste kandidate beantwoord is. Dit was egter ook die vraag waar kandidate baie misgetas het. Die vrae 12.4 – 12.9 was problematies. Dit het slegs op een aspek van `n klein gedeelte van die verhaal gefokus en kandidate wat `n belangrike aspek van die drama, nl. dwelmmisbruik belig het, het dit dwarsdeur geskryf en daardeur 8 punte ingeboet. Kandidate faal nog steeds om die korrekte motivering by die waar/onwaar antwoorde te verskaf, bv. vraag 12.12. Vraag 12.10 is goed deur kandidate beantwoord – `n aanduiding dat verhale wat by tieners/kandidate se ervaringswêreld aansluit, beter verstaan en onthou word.

### **QUESTION 13**

Kontekstuele vrae: **Life vannie jobless**

As gevolg van die Kaapse Afrikaans wat in die gedig gebruik word , is die kandidaat toegelaat om in hierdie Afrikaans eksamen Engelse woorde te gebruik , bv. 13.5 kon die kandidaat die woord “rejection” gebruik . Die Afrikaanse weergawe hiervan was natuurlik ook aanvaar.

Vraag 13.10 is `n eie opinie vraag waarin die kandidate op die belangrikheid van werk moes fokus. Kandidate het.....



Vraag 13.12 raak die tema van werkloosheid aan en die invloed daarvan op die gemeenskap. Kandidate wat nie spesifiek die verskil tussen 'n werkgewer en 'n werknemer uitgewys is nie, het swak in vraag 13.4 gevaar. Die eie opinie vrae is goed beantwoord.

#### **QUESTION 14**

Kontekstuele vrae: **So long Skipskop**

Die agtergrond waarteen die gebeure in gedig afspeel, is hier die sentrale punt. 'n Belangrike fokuspunt hier is die gedwonge verskuiwings in die Wes-Kaap en die impak daarvan op hierdie vissersgemeenskap.

Die kandidate kon hierby aanklank vind aangesien baie se voorvaders ook aan soortgelyke verskuiwings onderworpe was. Kandidate wat die konteks van hierdie gedig verstaan het, het nie probleme met die beantwoording van die vrae ervaar nie. Vrae soos 14.7 wat literêre aspekte gedek het, is egter swak beantwoord wat weereens bewys dat hierdie aspekte nie indringend genoeg behandel word nie.

#### **QUESTION 15**

Kontekstuele vrae: **Talle tonge**

Die manier hoe mense in sekere situasies met andere kommunikeer, is hier die sentrale tema van die gedig. Kandidate het hier ook gesukkel om die regte motivering op die waar/onwaar antwoorde te verskaf. Hierdie gedig het ook redelike interpretatiewe vermoëns van die kandidate vereis en kandidate wat nie spesifiek geleer is hoe om afleidings te maak nie, het effens gesukkel soos bv. In vraag 15.6.1 waar hulle moes uitwys wat dit beteken as 'n tong "jou inmekaar laat krimp".

Dit is belangrik dat daar in die behandeling van gedigte wyer as net die woorde op skrif beweeg word.

#### **QUESTION 16**

Kontekstuele vrae: **My siel, Pa**

Hierdie gedig gaan oor 'n vader wat te veel van sy seun verwag, alhoewel die seun sy beste probeer. Oor die algemeen was hierdie gedig goed beantwoord, veral vraag 16.3 waar die oorgrote meerderheid kandidate al 3 punte gekry het. Dit is egter ook duidelik dat die kandidaat nie ten opsigte van die figuurlike betekenisse, bv. Vraag 16.8 "Turksvy-kind" van sekere uitdrukkings ingelig is nie.

Vrae wat terminologie dek (16.10) is ook swak beantwoord.

## 7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

- Die konteks waarin verhale, gedigte en dramas afspeel MOET verduidelik word.
- ALLE literêre aspekte moet gedek word.
- Leerders moet geller word om na die punttoekenning van vrae te kyk as leiding omtrent hoe die vraag beantwoord moet word.
- Alhoewel konteks belangrik is, moet daar nie te veel in 'n gedig ingelees word nie.
- Gebruik ou vraestelle om leerder te leer hoe om vraestel te beantwoord. Kandidate beantwoord no\g steeds twee vrae uit dieselfde genre.
- Kandidate van dieselfde sentrum het verskillende afdelings beantwoord. Waarom? Hou net by die voorgeskrewe aantal genres wat behandel moet word.
- Daar moet voortdurende interaksie met die tekste wees. Een keer is nie genoeg nie. Probeer om ander aktiwiteite. Bv. Mondeling, take, ens. Op die tekste te baseer.